

DIE KVSA VERTALINGSPRYS

I. AGTERGROND

Die algemene vergadering van die KVSA het tydens die 29^{ste} tweajaarlikse konferensie van die vereniging (2011) besluit om 'n prys te borg vir die vertaling van Grieks of Latyn in enige van die amptelike landstale of *visa versa*.

Die daarstelling van die kompetisie beoog om:

- (a) die noukeurige en presiese studie van Grieks en Latyn te bevorder;
- (b) die kuns van vertaling beide na en van Griekse en Latynse prosa en poësie aan te moedig;
- (c) studente aan te moedig om outeurs wat nie gewoonlik in die kurrikulum vervat is nie in die oorspronklike taal te lees;
- (d) die konstante belang van klassieke tale in ons huidige kultuur in Suid-Afrika te demonstreer;
- (e) samewerking tussen die verskillende Klassieke programme in Suid-Afrika te bevorder;
- (f) die gebruik van al die amptelike tale van Suid-Afrika as media vir die oordrag van Klassieke Griekse en Latynse literatuur aan te moedig vir die betrekking van 'n wyer Suid-Afrikaanse publiek.

2. KOMPETISIEREËLS

- (a) Die kompetisie is oop vir enige en alle voor- en nagraadse studente wat aan 'n sekondêre of tersiêre opleidingsinstansie (universiteit, tegnikon of hoërskool) in Suid-Afrika geregistreer is. Inskrywings van buite Suid-Afrika sal nie aanvaar word nie;
- (b) Deelnemers mag vertalings van enige Griekse of Latynse uittreksel instuur (kyk riglyne by die seleksie van uittreksels *infra*);
- (c) Vertalings mag vanuit, of in enige van die amptelike tale van Suid-Afrika gemaak word (inskrivings in ander tale sal nie aanvaar word nie.);
- (d) Alle vertalings wat ingestuur word moet deur 'n kort bespreking van nie meer as 500 woorde vergesel word waarin die deelnemer die redes vir die keuse van die spesifieke uittreksel, die teksuitgawe wat gebruik is (in die geval van vertaling uit Grieks of Latyn), die benadering wat geneem is ten opsigte van die vertaalwerk, en die taalkundige, metriese en stilistiese probleme wat tydens die vertaal proses teëgekomp is, uiteensit. Inskrywings moet nie net tegniese van hoë gehalte wees nie, maar moet ook spreek van die oorweging van onderliggende vertaalprobleme. Vertalings moet oorspronklik wees en kreatiewe interpretasies van die teks aan die hand doen.
- (e) Die volgende verklaring, asook die datum en die handtekening van die deelnemer moet alle inskrywings vergesel:

“Ek verklaar: 1. dat die vertaling onder my naam ingehandig vir die KVSA vertalingsprys my eie oorspronklike werk is; 2. dat, waar iemand ander se werk gebruik is (in geskrewe, gedrukte, aanlyn of enige ander bron van inligting), dit slegs gebruik is in die kritiese besprekings en dat dit voorsien is van verwysings volgens die formaat wat deur *Akroterion* vereis word; 3. dat ek niemand toestemming gegee het om my werk te kopiëer of om dit te gebruik om as hul eie in te handig nie.”

Deelnemers word aangeraai om so veel as moontlik oor hul gekose teks te lees voor hulle met hul vertaling begin. Vertalings, woordeboeke en ensiklopedieë moet natuurlik geraadpleeg word, maar die finale vertaling moet die deelnemer se eie, oorspronklike werk wees.

- (f) Gesamentlike vertalings sal nie aanvaar word nie;
- (g) Enige afwyking van die teks met die vertaling vanuit Grieks of Latyn moet in 'n tekstuele nota verduidelik word;
- (h) Die inskrywing wat wen sal in die didaktiek afdeling van *Akroterion* gepubliseer word;
- (i) Die grootte van die prys sal deur die uitvoerende komitee van die KVSA vasgestel word;
- (j) Inskrywings sal deur 'n paneel beoordeel word, wat *ad hoc* deur die uitvoerende bestuur van die KVSA aangestel sal word;
- (k) Die KVSA behou die reg voor om nie 'n prys toe te ken nie, sou daar nie enige inskrywings van hoë genoeg gehalte wees nie.

3. RIGLYNE BY DIE SELEKSIE VAN UITTREKSELS

Die uittreksel wat vir vertaling gekies word:

- (a) moet verkieslik sekere kulturele betekenis hê vir Suid-Afrika en haar tale;
- (b) moet bepaalde uitdagings aan die vertaler stel;
- (c) kan uit enige literêre tydperk geneem word en minder bekende outeurs mag ook gekies word;
- (d) uittreksels uit tekste wat nog nie uit Grieks of Latyn vertaal is nie, of wat se vertalings verouderd of huidiglik onvanpas is, behoort spesiale oorweging te geniet;
- (e) mag literêre tekste sowel as nie-literêre tekste insluit;
- (f) moet 'n logiese geheel vorm (en nie langer as sowat 1000 woorde wees nie);
- (g) moet die mees resente en gesaghebbende teks van die uittreksel in ag neem en tekstuele probleme moet deur middel van kort notas uitgewys word.

4. FORMAAT VAN INSKRYWINGS

- (a) Alle inskrywings moet van 'n aparte bladsy voorsien word waarop die naam, studente nommer, plagiaatverklaring (kyk 2(e) *supra*), datum en handtekening aangebring is.
- (b) Alle inskrywings moet in elektroniese vorm (MSWord of PDF) deur middel van 'n aanhangsel aan 'n epos ingestuur word voor of op die afsnydatum aan Professor J.L. Hilton (hilton@ukzn.ac.za);
- (c) Die bronteks moet met die vertaling ingehandig word (slegs die vertaling sal gepubliseer word);
- (d) 'n 1,5 reëlspasiëring moet gehandhaaf word;
- (e) Voetnote moet gebruik word vir tekstuele en verduidelikende notas;
- (f) Presiese verwysings moet gegee word ten opsigte van die uitgawe wat gebruik is vir die vertaling vanuit Grieks of Latyn, asook die boeknommer, afdeling en reëlnommer na gelang van die konvensies van die gegewe teks;
- (g) Die vertaling moet van 'n kort titel voorsien word (maksimum 100 woorde) in Engels, waarin 'n akkurate précis van die uittreksel wat vertaal is vervat is;
- (h) Elke vyfde reëlnommer in die vertaalde teks moet aan die linkerkantste kantlyn aangedui word.

5. INHANDIGINGSDATUM: Jaarliks 1 Augustus.